## Hoe biodiversiteit ons inspireer

**Ancois de Villiers***

Met die oog op die Internasionale Dag vir Biologiese Diversiteit wat op 22 Mei plaasvind, is ek seker julle het al reeds (of sal nog) verskeie hoofopskrifte gesien wat weeklaag oor die voortgesette ekologiese krisis en die verlies aan biodiversiteit. Ondanks die somber statistieke en neigings, is dit ook belangrik om dit te vier. Veral hoe hierdie diversiteit van lewe ons *inspireer.*

Afgesien van materiële goedere en dienste, dra biodiversiteit ook tot ons sielkundige en sosiale welstand by. Om die waarheid te sê, die absolute oorvloed van lewe is diep inspirerend op ’n persoonlike vlak en vir kulture. Hierdie inspirasie is lewensbelangrik vir ons innovasie, motivering en om betekenis te vind. Tog is dit spontaan. Ons kan nie onsself *dwing* om geïnspireer te word nie – iets waaroor baie kunstenaars en uitvinders sal kla. So, uit ’n oogpunt van biodiversiteit is dit belangrik om ruimtes in ons lewens te beskerm en te ondersteun wat dit bevorder. Deur dít te doen, sal die 2022-tema vir die Internasionale Dag vir Biologiese Diversiteit, “Bou ’n gedeelde toekoms vir alle lewe (*Building a shared future for all life*)” nie net ’n leë slagspreuk wees nie, maar iets wat ons aktief probeer bereik.

Hoe kan biodiversiteit dan help om ons te inspireer?

Ten slotte …

Oor die algemeen is biodiversiteit ’n belangrike aandrywer van inspirasie om ons persoonlike en kulturele welstand te stimuleer en te versterk. Suid-Afrika word inderdaad gevier vir beide ons diversiteit in kultuur, lewensvorme en natuurlike stelsels. Die onderlinge verband tussen biodiversiteit en die genoemde psigososiale voordele word nog steeds nie ten volle verstaan nie. Daar is egter genoeg bewyse versamel dat biodiversiteit lewensbelangrik is vir die proses om nuut te dink oor hoe onsself en ander op hierdie planeet sien.

’n Klein bietjie meer inspirasie in ons lewens kan ons almal net goed doen.

- Klik **hier** om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***Ancois de Villiers is ’n PhD-kandidaat in die Departement Bewaringsekologie en Entomologie aan die Universiteit Stellenbosch en die Departement Kulturele Antropologie en Ontwikkelingsosiologie aan die Leiden-universiteit. Met die ondersteuning van die GreenMatter-genootskap en ’n NNS-Nuffic doktorale beurs, ondersoek sy die psigososiale dimensie van veranderende landskappe deur die rehabilitasie/restourasie van natuurlike hulpbronne.**